| | |
|---|---|
| Verslagwaardig: | JA / NEE |
| Sirkuleer Aan Regters: | JA / NEE |
| Sirkuleer Aan Landdroste: | JA / NEE |

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
# IN THE HIGH COURT OF SOUTH AFRICA

(Noord-Kaapse Afdeling / Northern Cape Division)

| | |
|---|---|
| Saakno: / Case number: | **CA&R 228/03** |
| Datum verhoor: / Date heard: | **27/09/2004** |
| Datum gelewer: / Date delivered: | **01/10/2004** |

In die saak van:

**SMIT, CORNELIUS** 1ste Appellant

**BOK, ALBERTUS** 2de Appellant

en

**DIE STAAT** **Respondent**

*Coram: Lacock R et Tlaletsi R*

---

**UITSPRAAK OP APPÉL**

---

**LACOCK R:**

1] Die appellante het in die Landdroshof, Kakamas, tereg

gestaan op ‘n aanklag van huisbraak met die opset om te steel en diefstal deurdat hulle na bewering op 19 Maart 2003 die huis van mnr. Mauritz Abels oopgebreek en binne gegaan het en drie 5 liter blikke verf, ‘n swartkleurige krat en ‘n rooikleurige krat gesteel het. Die totale waarde van die goedere het beloop R764.00.

Die Landdros het die appellante skuldig bevind soos aangekla, en elk gevonnis tot 3 (drie) jaar gevangenisstraf.

Die beskuldigdes kom nou in hoër beroep teen hul skuldig bevindings.

2] Die Staatsaak kan kortliks as volg opgesom word:

[21] Op 19 Maart 2003 om ongeveer 14:15 het ds. Abels (die klaer) ontdek dat sy motorhuisdeur – en wat vroeër die oggend toegetrek maar nie gesluit was nie – oopgestaan het en dat daar drie vol 5 liter blikke verf en twee plastiese kratte, een swarte en een rooie, uit sy motorhuis verwyder is. Die twee appellante het gedurende dieselfde dag ‘n swart en rooi krat die huis van die tweede appellant ingedra en ‘n rukkie later weer met die rooi krat en ‘n sak waarin ‘n 5 liter blik verf was, tevoorskyn gekom. By die winkels in die tersaaklike woonbuurt het die appellante mnre. Mathys

en Melkbos versoek om die blik verf aan onder andere me. Henna Mathys te verkoop vir R30.00, en het die appellante daarmee 3 liter wyn gekoop wat deur die appellante en hierdie twee here gedrink was.

Nadat die wyn gedrink is, het mnr. Melkbos en die tweede appellant na die woning van die tweede appellant gegaan waar laasgenoemde 'n vol 5 liter blik geel verf tevoorskyn gehaal het. Hy het die tweede appellant gehelp om 'n kamer van sy huis te verf. Hulle het slegs twee mure geverf.

[22] Op Sondag 23 Maart 2003 het Sersant Van Kratenburg 'n swart krat, en wat ds. Abels as sy vermiste krat uitgeken het, op 'n afdak agter die woning van die eerste appellant gevind. Die eerste appellant sou aan hom gesÍ het dat hy die krat met 'n halwe blik geel verf by die tweede appellant gekry het.

Van die buitemure van die woning van die eerste appellant se huis was met geel verf vars geverf.

[23] Die blik verf wat aan me. Henna Mathys verkoop is, is deur ds. Abels uitgeken as soortgelyk aan 'n blik verf wat uit sy motorhuis vermis geraak het.

3] Na sluiting van Staatsaak, het beide appellante in hul eie verdediging getuig. Hul weergawes, en wat in alle wesenlike opsigte ooreenstem, kom op die volgende neer:

[31] Gedurende die voormiddag van 19 Maart 2003 het die eerste appellant die tweede appellant raakgeloop by die winkels in die woonbuurt. Hier het mnre. Mathys en Melkbos by hulle aangesluit. Laasgenoemdes het 'n blik verf in 'n sak by hulle gehad. Die tweede appellant het belang gestel in die verf, en het aangebied om die verf in ruil te neem vir 2 liter wyn. Terwyl hierdie gesprek gevoer is, het die eerste appellant die toneel verlaat en het hy sy vriendin by die Hof gaan bystaan waar sy moes voorkom.

[32] Die tweede appellant het 2 liter wyn gekoop, en het dit saam met die voormelde getuies en ene Dora Mathys agter 'n kerksaal gdrink.

Van hier het mnr. Melkbos die tweede appellant na sy huis vergesel waar hulle twee mure van 'n kamer met die geel verf wat hy vir die wyn geruil het, geverf het.

[33] Nadat die eerste appellant van die Hof gekom het, is hy na die huis van die tweede appellant en het hy laasgenoemde versoek om vir hom van die

oorblywende verf te gee. Die tweede appellant het hierop aan die eerste appellant die halwe blik verf oorhandig, is die eerste appellant daarmee na sy huis en het hy die verf op sy buite mure aangewend.

[34] Beide appellante het ontken dat hulle by die motorhuis van ds. Abels ingebreek het en die verf of kratte gesteel het, het ontken dat hulle die kratte na die woning van die tweede appellant gedra het, en dat hulle die voormelde getuies versoek het om 'n blik verf namens hulle te verkoop.

4] Dit blyk dat die Landdros die getuienis van die getuies Mathys en Melkbos as geloofwaardig aanvaar het, en dié van die appellante as nie redelik moontlik waar nie, verwerp het. Ek sÍ dit blyk so want in sy uitspraak het die Landdros nóg enige geloofwaardigheidsbevindinge gemaak, nog uitdruklik gehandel met die vraag naamlik of die weergawes van die appellante nie redelik moontlik waar kon wees nie.

5] Alvorens die getuienis van nader oorweeg word is dit dienstig om te handel met die benadering wat in sake van hierdie aard gevolg behoort te word wanneer beslis moet word of die Staat die skuld van 'n beskuldigde bo redelike twyfel bewys het. In **S v Van der Meyden 1999 (1) SASV 447 (W)** het **Nugent R** die volgende gesÍ:

> "The proper test is that an accused is bound to be convicted if

> the evidence establishes his guilt beyond reasonable doubt, and the logical corollary is that he must be acquitted if it is reasonably possible that he might be innocent. The process of reasoning which is appropriate to the application of that test in any particular case will depend on the nature of the evidence which the court has before it. What must be borne in mind, however, is that the conclusion which is reached (whether it be to convict or to acquit) must account for all the evidence. Some of the evidence might be found to be false; some of it might be found to be unreliable; and some of it might be found to be only possibly false or unreliable; but none of it may simply be ignored."

(**te 449 h tot 450 b**).

Sien ook die volgende *dictum* in **S v Trainor, 2003 (1) SASV 35 (HHA) te 41 b tot c**:

> "A conspectus of all the evidence is required. Evidence that is reliable should be weighed alongside such evidence as may be found to be false. Independently verifiable evidence, if any, should be weighed to see if it supports any of the evidence tendered. In considering whether evidence is reliable, the quality of that evidence must of necessity be evaluated, as must corroborative evidence, if any. Evidence, of course, must be evaluated against the onus on any particular issue or in respect of the case in its entirety. The compartmentalised and fragmented approach of the magistrate is illogical and wrong."

[51] Dit is dus noodsaaklik vir 'n verhoorhof om eerstens die getuieniswaarde van die getuienis soos aangebied, te oorweeg; en hierby is inbegrepe in 'n oorweging van die betroubaarheid en/of geloofwaardigheid van getuies. Tweedens is dit nodig om die somtotaal van die getuienis as geheel te oorweeg met in agneming van dit wat gemeensaak is, die reële getuienis en die

waarskynlikhede of onwaarskynlikhede. Aan die einde van hierdie oorwegingsproses moet die voorsittende beampte besluit of die weergawe van 'n beskuldigde redelik moontlik waar is, en of, indien nie, die Staat die skuld van'n beskuldigde bo redelike twyfel bewys het.

6] Indien die Landdros hierdie voormelde oorwegingsproses gevolg het, moes hy myns insiens tot die gevolgtrekking gekom het dat die weergawe van die appellante redelik moontlik waar kon wees. My redes hiervoor is die volgende:

[61] Die appellante het hul getuienis met oortuiging voorgehou, het nie hulself in enige wesenlike opsig weerspreek nie, en het ook nie mekaar in enige wesenlike opsig weerspreek nie.

Die Landdros het kritiek gevind in die getuienis van die eerste appellant (en wat nie regsverteenwoordig was nie) daar hy in sy pleitverduideliking gesÍ het dat die getuies Mathys en Melkbos 'n blik wit verf by hulle gehad het, en in sy getuienis gesÍ het dit was geel verf. Indien in ag geneem word dat hierdie appellant se pleitverduideliking ooreenstem met sy getuienis naamlik dat die verf wat hy by die tweede appellant gekry het dieselfde verf was wat laasgenoemde by die getuies ontvang het, en dit gemeensaak is dat daardie

verf geel was, is dit ooglopend dat hy bloot ‘n fout gemaak het in sy pleitverduideliking. Hierdie fout regverdig beslis nie ‘n afleiding dat hierdie appellant leuenagtig was nie.

‘n Soortgelyke nietige weerspreking in die getuienis van die tweede appellant is met groot kritiek deur die Landdros bejeën. In sy pleitverduideliking het die tweede appellant gesÍ dat hy en die getuie Melkbos saam na sy huis gestap het nadat hulle gedrink het, terwyl hy, toe hy die eerste keer hieroor getuig, gesÍ het mnr. Melkbos het na hom by sy huis aangekom. In kruisverhoor egter het hy getuig dat hulle saam na sy huis gestap het. As in ag geneem word dat mnr. Melkbos ook getuig het dat hy saam met hierdie appellant na sy huis gestap het, is hierdie weerspreking nietig van aard. In iedere geval is dit geen wesenlike weerspreking nie.

[62] Teenoor die getuienis van die appellante staan dié van die getuies Melkbos en Mathys. Hierdie twee getuies het mekaar in vele en wesenlike opsigte weerspreek.

Die een beweer dat die appellante voor 12:00 die betrokke dag met die kratte na die huis van die tweede appellant gestap het terwyl die ander een getuig dat dit ongeveer 16:00 die namiddag was. (Hulle sou saam voor die huis van mnr. Mathys gesit het toe die appellante met die kratte daar verby gestap het).

Die een beweer hulle het die dag die appellante by die winkel raakgeloop, terwyl die ander een beweer hulle het hulle by ‘n kerksaal ontmoet.

Die een beweer dat, nadat hulle die appellante ontmoet het, het hulle (die appellante) gesÍ dat hulle die rooi krat aan ene Ivan, ‘n winkelier, verkoop het, terwyl die ander beweer dat hy gesien het die appellante gaan verkoop die krat.

Die een beweer die appellante was beide buite Henna Mathys se huis nadat hulle die verf aan haar verkoop het, terwyl die ander beweer dat slegs die tweede appellant op ‘n hoek ongeveer 80m vanaf Henna se huis gestaan het.

[63] Me. Henna Mathys het, in teenstelling met die voormelde twee getuies, getuig dat hierdie getuies haar by die woning van ene ant Marie ontmoet het, en is hulle saam van daar na haar woning waar sy die verf gekoop het. Me. Mathys was duidelik ‘n geloofwaardige en betroubare getuie, en die Landdros het dan ook geen kritiek teen haar as getuie gelewer nie.

Die belang in die getuienis van hierdie getuie is daarin geleë dat sy, terwyl sy saam met die getuies na haar huis gestap het, nie een van die appellante naby haar huis gesien het nie. Hierdie getuienis van haar plaas ‘n

ernstige vraagteken oor die geloofwaardigheid van die ander twee staatsgetuies.

[64] Die Landdros het stawing gevind vir die aanvaarding van die getuienis van mnre. Melkbos en Mathys daarin dat – aldus sy uitspraak – hulle alleen kennis kon gedra het van die rooi krat indien hulle dit by die appellante gesien het. Wat die Landdros egter uit die oog verloor het, is dat, indien hierdie twee getuies self die inbrekers was, sou hulle uiteraard kennis gedra het van die rooi krat.

[65] ‘n Groot leemte in die Staatsaak is natuurlike die versuim om die persoon Ivan, synde die persoon aan wie die appellante die rooi krat sou verkoop het, as getuie te roep. Hy sou immers die weergawe van mnre. Melkbos en Mathys kon staaf.

[66] Indien die voormelde getuienis teen mekaar opgeweeg sou word, dan blyk dit dat

[6.61] die Staat geen getuienis voorgelÍ het wat daarop dui dat die appellante in die motorhuis van die klaer was waar die goedere gesteel is nie;

[6.62] die getuies Melkbos en Mathys die persone was wat ‘n gesteelde blik verf aan me. Henna

Mathys verkoop het; en

[6.63] die appellante in besit was van een gesteelde blik verf. Indien daardie getuienis van die getuies en die appellante wat ooreentstem opgeweeg word teen daardie getuienis waar dit verskil, sou – afhangende van watter stel getuienis aanvaar word in soverre dit van mekaar verskil – dit 'n afleiding kon regverdig dat óf die appellante óf die twee getuies die goedere kon gesteel het. Weens die onbetroubaarheid van die getuienis van die twee staatsgetuies en die afwesigheid van wesenlike kritiek teen die getuienis van die appellante, is daar myns insiens geen gronde waarop die weergawes van die appellante as nie redelik moontlik waar verwerp kon word nie. Daarby is daar stawing te vind vir die weergawe van die appellante in die getuienis van me. Henna Mathys.

[67] Die enigste moontlike stawing vir die weergawes van die voormelde twee staatsgetuies, is die getuienis van sersant Van Kratenburg naamlik dat die swart krat gevind is by die woning van die eerste appellant en sy beweerde verduideliking dat hy dit by die tweede

appellant gekry het.

[6.71] Eerstens is daar geen getuienis van hoe hierdie krat op die afdak in die eerste appellant se erf beland het nie. Die eerste appellant ontken dat hy enige kennis dra van die krat. Dit kon net so wel aldaar geplaas gewees het deur een of beide van mnre. Melkbos en Mathys ten einde die kollig op die appellante te plaas.

[6.72] Tweedens. Die eerste appellant het deurgaans erken dat hy 'n halwe blik verf van die tweede appellant ontvang het. Indien hy die krat ook ontvang het van die tweede appellant sou dit hom niks baat om dit te verdoesel nie.

Vervolgens meen ek nie dat hierdie getuienis enigsins deurslaggewend is nie.

7] Uit hoofde van die voorgaande is ek van mening dat die Landdros verkeerdelik bevind het dat die Staat die skuld van die appellante bo redelike twyfel bewys het, en is die appellante geregtig op hul vryspraak.

Bygevolg word die volgende bevele hierin verleen:

**A) Die appél van beide appellante slaag.**

**B) Die skuldigbevindinge en die vonnisse die appellante opgelê, word ter syde gestel.**

**C) Die uitspraak van die Landdros word deurgehaal en met die volgende vervang:**

> **"Beide beskuldigdes word onskuldig bevind en ontslaan."**

________________
HJ Lacock
**REGTER**

Ek stem saam.

________________
LP Tlaletsi
**REGTER**

**Namens appellante:** Adv T Fourie
**Namens respondent:** Adv DP Olivier